MEI / JUNIE 2019

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

*Geroep om te Dien*

## HANDEL DRYWE IN SJINA

## - DEEL 1

Kan is gebore in 'n arm gesin in 'n landelike deel van Noord-Korea. Sy was die vierde dogter van ses kinders. "In my agtiende jaar is my moeder en ouer suster oorlede omdat hulle nie genoeg kos kon kry om te eet nie en as gevolg daarvan siek geword het," het sy gedeel. "Ten spyte daarvan dat ons hard gewerk het, kon ons nie die ellende van armoede ontsnap nie.

Ek het by 'n vriend gehoor dat daar 'n moontlikheid van werk in Sjina was, dus het ek gedurende die bitter koue winter van 2003 die Tumenrivier oorgesteek Sjina toe. Ek het beplan om genoeg geld te verdien om my gesin vir een maand te help en dan huis toe te keer.

Sonder dat ek geweet het, was hierdie werksmoontlikheid al die tyd handel dryf in vroue. Ek is met geweld verkoop aan 'n Sjinese gesin wat 'n vrou nodig gehad het. Hierdie gesin was so bang dat ek sal ontsnap dat hulle my selfs na die toilet gevolg het! Ek het die meeste van die tyd my dae omgehuil, omdat ek kwaad was en baie ontsteld dat ek nie kon ontsnap om geld te gaan verdien om my pa en sibbes te ondersteun wat op my staatgemaak het nie.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**Posbus 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

Eendag het die gesin bymekaargekom en haar klere verwyder om te sien of sy normaal is en kinders sal kan hê. Ek is toe as die vrou aan die seun van die gesin toegeken. Ek het so verneder en gedemoraliseer gevoel dat ek alle hoop verloor het en depressief begin raak het. Ek het drie keer probeer om selfmoord te pleeg, maar het misluk. Ek is nie eers toegelaat om te sterf nie, dus het ek gevoel my enigste keuse was om my maar aan die ondraaglike situasie te onderwerp.

Ek het in die veld gewerk en gesorg vir die plaasdiere, terwyl ek ook gedwing is om iemand se vrou te wees. Gedurende 2005, omtrent twee jaar nadat ek my huis verlaat het, het ek geboorte geskenk aan 'n babadogtertjie.

Terwyl ek na my baba omgesien het, is ek 'n bietjie vryheid toegelaat deurdat ek die huis kon verlaat en inkopies kon doen. 'n Buurvrou het my genooi om 'n nabygeleë kerk by te woon. Ek was nie 'n Christen nie, maar die lidmate en ouderlinge van die kerk was baie goedhartig en het aan my verskeie goedjies vir die baba gegee, insluitend 'n stootwaentjie. Ek was baie dankbaar vir die liefde wat hulle teenoor my bewys het en dit het my nuuskierig gemaak oor hulle God.

Ek was 'n afgodedienaar vir baie jare, en miskien was dit die invloed van die bose geeste, wat my vreeslike hoofpyne laat ervaar het en siek laat voel het elke keer wanneer ek die kerkgebou binnegegaan het.

Eendag terwyl die ouderlinge gebid het, het God my wonderbaarlik genees. Die erge pyn en gevoelens van naarheid het verdwyn en ek het gereinig gevoel van die duiwelse teenwoordigheid. Ek het toe die kerk gereeld begin bywoon, maar kon nog steeds nie ten volle begryp dat Jesus die Seun van God is nie.

Kort daarna het ek gehoor dat die polisie na ons area gekom om Noord-Koreane wat uit hulle land gevlug het, te soek en te arresteer. Ek en 'n ander Noord-Koreaanse vrou het saam gebid dat ons nie ontdek sal word nie. Ons was baie verlig toe ons later hoor dat die polisie weg is.

God het hierdie vreesaanjaende ondervinding gebruik om my te wys dat Hy my gebede sal beantwoord en na my sal omsien as ek Hom vertrou. Dit was toe dat ek besluit het om Jesus as my Redder aan te neem.

Kort daarna moes ek 'n pynlike beproewing in die gesig staar. My eenjarige dogtertjie het siek geword met longontsteking en die dokter het gesê sy het net nog 15 dae om te leef! Ek was so gebroke dat ek na die kerk toe gegaan het. Ek het my dogtertjie voor in die kerk aan die voet van die kruis neergelê, terwyl ek in trane uitgebars het en tot God geroep het.

'Here, waarom plaas U my in hierdie situasies wat my hart met hartseer vervul? Hoekom het U my hierdie klein dogtertjie gegee net om haar weer weg te neem? Ek wou haar in die eerste plek nie gehad het nie en nou breek dit my hart om van haar afskeid te neem!'

Ek het toe opgekyk ek kon nie glo wat ek sien nie. My dogtertjie, wat daar gelê het sonder energie, het 'Mamma' begin roep en begin rondloop! Ek was so verbaas dat ek haar na die dokter geneem het. Die dokter kon geen fout met haar vind nie. Ek het hom vertel wat gebeur het. Hy het hierna die kerk begin bywoon en Jesus as sy Redder aangeneem!

My dogtertjie was gesond en het rondgehardloop asof sy nooit siek was nie. Ek was so dankbaar teenoor God dat ek haar *Haun* genoem het, wat beteken *die genade van God.*

Ek was bekommerd dat ek een of ander tyd deur die polisie ontdek sou word en dat hulle my sou arresteer en aan die Noord-Koreaanse polisie sou oorhandig. Ek het geweet dat ek dan van my dogtertjie geskei sou word, dus het ek aanhou probeer en uiteindelik 'n manier gekry om te ontsnap van die gesin wat my gekoop het.

Ek het met my dogter gery na 'n dorp in Sjina, wat na aan die grens van Noord-Korea was. Ek het werk gekry as 'n reisagent. Om Haun alleen groot te maak, was moeilik, maar God het my gedra deur die moeilike tye en ek het gevoel dat Hy ons beskerm en seën.

My kennis van die Bybel was baie beperk, maar God het hierdie woorde gebruik om my te versterk en tot my hart te spreek.

**Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan nie, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Oudiovisuele Uitreiking
- Studente Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Bejaardes Uitreiking
- Engelse Evangelisasie
- Evangelisasie Byeenkomste

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**■ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**
**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**■ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 16/2/19, 20/2, 21/2, 28/2, 4/3, 6/3, 11/3, 16/3, 20/3, 22/3, 25/3, 1/4, 3/4, 8/4, 16/4, 17/4, 20/4, 23/4.**

**ABSA BANK:- 26/2, 28/2 Bybels, 28/2, 1/3, 2/3 NLM drukkers, 10/3, 14/3, 16/3, 18/3, 26/3, 28/3 Bybels, 1/4, 2/4 NLM drukkers, 15/4 Somerset-Wes, 15/4, 16/4, 18/4, 20/4/2019.**

**■ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

*(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08*

**versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan** (1 Korintiërs 10:13).
Ek is bemoedig om te volhard, terwyl ek peins oor die woorde wat in my gedagtes opgekom het."

**Lees die volgende uitgawe om uit te vind watter lang reis Kan moes onderneem om met haar gesin verenig te word en die evangelie met hulle te deel. (Die name is verander en sekere inligting in hierdie storie is uitgelaat om hulle identiteit te beskerm.)**

## BEDIENINGSOPDATERING
### - NOORD-KOREA

As gevolg van die wyd verspreide armoede en hongersnood besef baie in Noord-Korea dat die enigste manier om te oorleef, is om onwettig na Sjina te gaan en daar werk te kry om so hulle gesinne te onderhou.
In Sjina staar hulle 'n ander gevaar in die gesig, naamlik om 'n prooi te word van skelm agente wat hulle dikwels ontvoer en verkoop aan mense wat hulle dwing om te werk sonder vergoeding.
As hulle gevang word deur die owerhede word hulle gedwing om groot bedrae omkoopgeld te betaal of andersins terug te keer na Noord-Korea, waar hulle onderwerp word aan erge vorms van ondervraging en marteling. Hulle word dan behandel as verraaiers en gevonnis na gevangeniskampe waar die toestande haglik is.
Terwyl ons ons werk in Japan voortsit, is ons ook betrokke by die werk in Noord-Korea deur as borg op te tree vir diegene wat hulp verleen aan die Noord-Koreaanse vlugtelinge, en wel op die volgende maniere:
1. Die bring van die evangelie aan vlugtelinge deur die verspreiding van Bybels en Christelike lektuur.
2. Hulp aan die vlugtelinge om kontak te maak met eerlike agente wat hulle help om wettige werk te kry of andersins 'n manier te kry om Sjina te verlaat.
3. Hulp aan diegene wat Christelike weeshuise bedryf, waar moeders wat in desperate omstandighede verkeer hulle kinders veilig kan laat.
**Bid** dat baie wat in Noord-Korea 'n Bybel ontvang, hoop sal vind en die Here sal leer ken. **Bid** dat God die Christene sal seën en beskerm en hulle wysheid en moed sal gee.

## EVANGELIESE PROJEK

1. Japansending het onlangs 'n Japannese boek van 200 bladsye gepubliseer, wat baie getuienisse van redding bevat. Kopieë is onder soekers versprei, waarna baie getuig hoe hulle deur hierdie stories geraak is en beter begin verstaan het wat dit beteken om 'n Christen te wees. **Bid** dat hierdie boek instrumenteel sal wees in die redding van baie.
2. Japansending se mediaspan het deel gehad aan die produksie van 'n video, wat die getuienis van die redding van ds. Yasutaka Yoshida weergee wat die Here gevind het in die gevangenis. Hy was 'n graffitikunstenaar wat 'n dominee geword het en nou sy talent gebruik om God se liefde te deel. **Bid** dat baie jong mense beïnvloed sal word deur die evangelie wanneer hulle na hierdie kragtige video van God se vergifnis en seën kyk.



Ds. Yoshida verduidelik hoe hy 'n ***nuwe lewe*** gevind het.

## GETROUE GEWERS

Ons prys die Here vir die manier waarop Hy die harte van sy dienaar gelei het om by te dra tot hierdie evangeliese projekte. Weereens kan ons getuig hoe die Here in ons behoeftes voorsien – ooreenkomstig sy perfekte tyd.
Japansending is 'n geloofsending en rig nie direkte versoeke vir finansiële bydraes nie. Soos die Here ons lei in ons bediening, steun ons op Hom om te werk in die harte van sy kinders en hulle te inspireer om by te dra tot sy werk. Ons prys die Here vir hulle wat as vennote van ons werk optree op hierdie manier.